

Prof Charlie Webber – Internasionale besoeker (8-12 April)



Tydens die afgelope week, het Edu-Lead die eer gehad dat Prof Charles Webber by ons besoek afgelê het. Prof Webber is n professor in die Department of Opvoedkunde, Fakulteit van Gesondheidswetenskappe, Gemeenskap en Opvoedkunde, Mount Royal Universiteit Alberta, Kanada. As kenner in areas soos kruiskulturele leierskap ontwikkeling het Prof Webber waardevolle gesprekke en geleenthede met die entiteit gedeel.

Edu-Lead het die meeste van sy besoek gemaak deur hom uit te nooi om verskeidenheid aktiwiteite te faciliteer en te lei by al drie kampusse van die Noordwes Universiteit. Maandag het hy 'n vergadering gehad met die fakulteitsbestuur, insluitende die dekaan

(Prof Lloyd Conley), die visie-dekaan (Prof Herman van Vuuren) en direkteure van die navorsingsentiteit van die fakulteit Opvoedingswetenskappe (Prof Jan Heystek – Edu-Lead en Prof Elda de Waal - Edu-HRight). Dinsdag het Prof Webber lede van Edu-Lead op die Mafikeng kampus besoek waar hulle 'n gesprek gehad het oor instruksionele- en kurrikulum leierskap. Woensdag was alle lede van die entiteit uitgenooi om deel te neem in werkswinkel, geleid deur Prof Webber, waar die gespreek gewentel het oor die ontwikkeling van leierskap temas en prioriteite vir die entiteit. Donderdag het Prof Webber 'n openbare lesing gelewer, aangebied deur Edu-Lead oor die ontluikende rol van universiteitsleiers gebaseer op sy jare lange ervaring in verskeie posisie by verskeie universiteite (inligting beskikbaar by Prof Heystek). Dit was 'n baie waardevolle leerervaring vir almal wat dit bygewoon het. Prof Daryl Balia se refleksie na aanleiding van die aanbieding het tot 'n baie waardevolle diskous gelei, onder andere oor dekolonisasie. Vandag besoek Prof Webber die Vaal kampus waar leierskap ontwikkeling en organisasie gesondheid bespreek word met die Edu-Lead lede.

In geheel was hierdie besoek baie waardevol en 'n insiggewende inspuiting vir die entiteit deur 'n internasionaal erkende akademikus. Edu-Lead is dankbaar dat iemand van Prof Webber se aansien sy kennis en ervaring met ons gedeel het.